
Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, August 20, 2020
Page: 33





# KWB by dood en geldnood

**Dit is belangrik om deeglik te beplan vir die uitwerking wat kapitaalwinsbelasting op jou boedel kan hê sodat 'n finansiële verknorsing nie vir die erfgename ontstaan nie. Wees ook bewus van die toegewing vir bona fide-landbougrond indien die grond na iemand toe vererf.**

Ek het voorheen oor kapitaalwinsbelasting (KWB) geskryf en hoe dié belasting in die algemeen werk. Vandeesweek staan ek stil by KWB by die dood – 'n slaggat wat jou naasbestaandes in geldnood kan laat.

KWB is 'n inkomstebelasting op kapitaal. Wanneer jy 'n kapitaalbate van die hand sit, word jy op die wins belas. Dit is die styging in markwaarde sedert die verkryging van die bate en wanneer jy dit van die hand sit.

Om die belasbare wins te bereken, trek jy die basiskoste (die aankoopprys plus enige toelaatbare verbeteringe) af van die markwaarde op die dag dat jy die bate van die hand sit. Hiervan trek jy dan die toegelate jaarlikse kwytskelding van R40 000 af.

Van dit wat oor is, word 40% by jou inkomste vir die jaar getel. Jy betaal dan inkomstebelasting daarop.

Wat gebeur by die dood? Volgens die Inkomstebelastingwet (8ste skedule van Wet 58 van 1962), word geag dat jy jou bates op die dag van dood na jou boedel oorgedra het. Dit word geag 'n gebeurtenis te wees wat 'n KWB-geleentheid skep. Anders gestel, jy is aanspreeklik vir KWB op daardie bate in dieselfde mate asof jy dit aan iemand verkoop het. Dit is net hier waar fyn getrap moet word in die berekeninge wat met boedelbeplanning verband hou. KWB by die dood kan 'n onaangename verrassing teweegbring vanweë 'n likiditeitstekort in die boedel.

Ek raak kortliks aan enkele relevante punte om in gedagte te hou.

Die jaarlikse kwytskelding van R40 000 vir individue waarna ek hierbo verwys, word R300 000 in die jaar van 'n persoon se dood. Jy trek dus R300 000 af van die "wins" waarop die normale 40% geneem word om by jou inkomste vir daardie jaar te voeg en dan volgens skaal belas te word.

Bates wat aan 'n gade bemaak word, is onderworpe aan die oorrol-toegewing. Daardie bate sal dus nie in jou boedel met KWB belas word nie. Dit rol oor teen dieselfde basiskoste (soos hierbo beskryf) as wat dit in jou boedel gehad het. Die wins word eers bereken op die dag wanneer die langslewende gade die bate van die hand sit. Met die toename in waarde in die tussentyd kan dit 'n taamlike KWB-verpligting van sy eie skep.

'n Bate wat andersins vererf (dus nie na 'n langslewende gade toe nie) gaan oor na die erfgenaam teen dieselfde waarde (markwaarde) as wat dit in die oorledene se boedel gehad het. Hierdie waarde is nou die basiskoste in die erfgenaam se boedel. Anders gestel, daar is geen verdere KWB-verpligting tussen die boedel en die erfgenaam nie.

'n Belangrike punt is dat die waarde van 'n bate as "markwaarde" geneem word – dit is die waarde wat verkry kan word tussen 'n vrywillige verkoper en vrywillige koper wat nie aan mekaar verwant is nie. Vir bona fide-landbougrond is daar egter 'n toegewing. Dit is dat die "waarde" in die geval van landbougrond geneem word as "markwaarde" minus 30%.

Die kinkel in die kabel is dat dit net geld as die bate – die landbougrond – na iemand vererf (dit hoef nie 'n gade te wees nie). As die eksekuteur die grond moet verkoop, geld hierdie verminderde waarde nie. Dan word die wins op die volle markwaarde bereken.

Terloops, die korting van 30% op bona fide-landbougrond geld ook in die geval van geskenke- en boedelbelasting.

Terug by die boedel en KWB. As die eksekuteur die bate uit die boedel verkoop, is die boedel aanspreeklik vir die KWB op die groei wat die bate in die boedel gehad het. Kortom, KWB is betaalbaar deur die oorledene toe die bate aan die boedel oorgedra is. Indien dit uit die boedel verkoop word, is KWB weer betaalbaar deur die boedel. Die boedel geniet nie die korting van R40 000 wat individue kry nie.

Beplan betyds om dié tipe slaggate te vermy. **LBW**

*Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**, **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.